

IS GOD REGVERDIG?

‘n Seun in die middestad word gedood deur verdwaalde koeëls van ‘n bende terwyl hy besig is om by die tafel sy huiswerk te doen.

‘n Jong moeder in die voorstede vind uit dat haar kind HIV opgedoen het as gevolg van besmette bloed van ‘n bloedoortapping.

Die tragedies gaan aan en aan in ons wêreld. En ons wens so ons het ‘n antwoord daarvoor. Waar is God in ‘n wêreld van sinnelose lyding en dood? Die psalmdigter verseker ons “die aarde is vol van die goedertierenheid van die Here” (Psalm 33:5).

Maar as dit waar is, waarom bring Hy nie ‘n einde aan die lyding en tragedie nie? Die 20ste hoofstuk van Openbaring wys ons hoe en wanneer God ‘n einde aan sonde en lyding sal bring.

1. DIE EEN DUISEND JAAR ONTMASKER

Openbaring 20 begin vertel van ‘n 1 000-jaar tydperk wat volg op die wederkoms van Christus. Die gebeurtenisse wat hierdie 1 000-jaar tydperk omring is die finale handeling in die stryd tussen Christus en die Satan wat reeds aan die gang is sedert sonde die heelal binnegedring het.

Hierdie drama het in die hemel begin toe Lucifer jaloers geword het op Christus, ‘n oorlog begin het met die ongevalle engele, uitgewerp was en na ons wêreld toe gevlug het. Die drama gaan voort op die aarde in die Tuin van Eden, dan dwarsdeur die eeue totdat dit die eerste klimaks bereik toe die Duiwel mense gedwing het om Christus te kruisig. (Jy wil miskien weer hierdie hartseer verhaal hersien in Gids 3.) Die drama sal sy finale klimaks bereik aan die einde van die 1 000-jaar tydperk wanneer ons sondige wêreld skoongemaak word en onder die beheer van Christus geplaas word. Openbaring 20 wys ons dat die 1 000-jaar tydperk geskei word deur twee opstandings.

Wie word deur God uit die dood opgewek met die eerste opstanding wat plaasvind aan die begin van die 1 000 jaar?

“Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” – Openbaring 20:6. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Die “saliges en heiliges”, diegene wat Jesus as hulle Verlosser aangeneem het, word opgewek in die “eerste opstanding.” As die regverdige “saam met” Christus regeer gedurende die 1 000 jaar, moet hulle opgewek word aan die begin van die 1 000 jaar.

Wie word opgewek met die tweede opstanding aan die einde van die duisend-jaar tydperk?

“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.” – Openbaring 20:5.

Die “ander dode” kan slegs verwys na die sondige dode, omdat die regverdiges, die “saliges en heiliges” aan die begin van die 1 000 jaar opgewek is.

Dus word die 1 000-jaar tydperk afgemerk deur twee opstandings: die opstanding van die regverdiges aan die begin daarvan, en die opstanding van die sondiges aan sy einde.

2. OPGEWEEK MET CHRISTUS SE KOMS

Die eerste opstanding, die opstanding van die regverdiges, vind plaas met die wederkoms van Christus.

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God, en DIE WAT IN CHRISTUS GESTERF HET, SAL EERSTE OPSTAAN. Daarna sal ONS WAT IN DIE LEWE OORBLY, SAAM MET HULLE IN DIE WOLKE WEGGEVOER WORD, DIE HERE TEGEMOET in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” – 1 Thessalonicense 4:16, 17.

Wanneer Jesus weer na hierdie aarde toe kom, sal Hy “die wat in Christus gesterf het” opwek en hulle saamneem, saam met die regverdiges wat lewe, hemel toe. Omdat die sondaars nog vashou aan sonde, kan hulle nie bestaan in God se teenwoordigheid nie, en hulle word vernietig met Christus se wederkoms (Lukas 17:26-30). (Jy wil miskien Gids 8 hersien aangaande die gebeurtenisse rondom Jesus se wederkoms.)

3. SATAN WORD AAN DIE AARDE VASGEKETTING VIR EEN DUISEND JAAR

Wanneer die 1 000 jaar begin, het die regverdiges almal hemel toe gegaan en die sondaars is almal dood. Wat sal op hierdie aarde gebeur gedurende die 1 000 jaar?

“En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duivel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.” – Openbaring 20:1-3.

Met Jesus se koms word die Satan vasgebind en sal in kettings bly gedurende die 1 000 jaar. Waar word die Satan gevange gehou? In die “afgrond”, ‘n Griekse woord wat “baie diep” of “sonder bodem” beteken. In Genesis 1:2 gebruik die Griekse weergawe van die Ou Testament die woord “afgrond” om die aarde in sy onontwikkelde staat voor die skepping begin het, te beskryf. Ons aarde is dus die Afgrond waar God Satan gevange hou.

Die Skrif beskryf Satan as vasgebind met “‘n groot ketting.” Is dit ‘n letterlike ketting? Nee, dit is simbolies, ‘n ketting van omstandighede. Satan sou baie graag wou voortgaan om mense te verlei gedurende die 1 000 jaar. Maar hy kan geen regverdige mense vind om te verlei nie, omdat hulle almal in die hemel is. En hy kan geen sondaars vind om te lei nie, want hulle is almal dood, hulle slaap in die stof van die aarde. Dit is dus nie moontlik vir hom om enigeen te verlei of te versoek nie, daarom dwaal hy oor ‘n leë aarde en word gedwing om te dink aan al die hartseer en tragedie wat hy veroorsaak het.

4. DIE REGVERDIGES OORDEEL DIE GODDELOSES

Die duisend-jaar tydperk is ook ‘n tyd van oordeel. Maar onthou dat die oordeel uit vier hoof stadiums bestaan:

- (1) Die oordeel van die regverdiges voor Christus se wederkoms.

- (2) Die beloning van die regverdiges met die Wederkoms.
- (3) Die oordeel van die goddeloses gedurende die 1 000 jaar.
- (4) Die beloning van Satan en die goddeloses aan die einde van daardie tydperk. (Jy wil miskien Gids 13 hersien wat handel oor dele 1 en 2 van die oordeel, die ondersoek en oordeel van die regverdiges.) Ons sal ook nou kyk na stadiums 3 en 4, die ondersoek en oordeel van die goddeloses.

Ons het gesien dat die regverdige dode wat opgewek is en die regverdiges wat lewe saam hemel toe geneem word met die wederkoms van Christus. Hulle is tuis in die hemel gedurende die 1 000 jaar. Wat gaan hulle doen?

“Weet julle nie dat DIE HEILIGES die WÊRELD SAL OORDEEL NIE? ... Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie?” – 1 Korinthiërs 6:2, 3.

“En ek het TRONE GESIEN EN HULLE HET DAAROP GAAN SIT, EN AAN HULLE IS DIE OORDEEL GEGEE. ... EN HULLE HET GELEEF EN AS KONINGS GEREGER SAAM MET CHRISTUS DIE DUISEND JAAR LANK.” – Openbaring 20:4.

Gedurende die 1 000 jaar, sal die regverdiges die handeling van die bose mense en gevalle engele, insluitend hulle leier, Satan, ondersoek. Hoe gepas is dit nie vir die martelare, die oorwinnaars en die gehoorsames aan die evangelie met hulle oorlog lidtekens, om God se oordeel van die bose te ondersoek en dit te verstaan nie.

God het genadiglik aan die verlore mense die geleentheid gegee om Sy handeling teenoor die bose te beoordeel. Ons mag baie vrae hê, soos: “Waarom is my tannie nie hier nie? Sy het dan soos so ‘n goeie mens gelyk.” Wanneer ons die boeke oopmaak en die dode beoordeel “volgens hulle werke” (vers 12), sal ons self sien dat God in al Sy handeling met die mens, regverdig en reg was met elkeen. Ons sal sien hoe die Heilige Gees aan mense kans na kans gebied het om aan God oor te gee, en die regverdigheid van elke oordeel sal duidelik word.

5. SATAN WORD LOSGEMAAK WANNEER DIE DUISEND JAAR EINDIG

Die Bybel verklaar dat aan die einde van die 1 000 jaar:

“En Ek Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is.” – Openbaring 21:2

Hierdie wonderlike stad was ons tuiste vir ‘n duisend jaar. Nou gaan die Heilige Stad – met Christus en al die mense wat Hy verlos het binne in – neerdaal uit die hemel na ons wêreld.

Wat doen die Satan aan die einde van die 1 000 jaar?

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is ... om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel.” Openbaring 20:7-9.

Die bose word opgewek in die tweede opstanding aan die einde van die 1 000 jaar (vers 5). Wanneer die regverdige neerdaal in die Heilige Stad en die bose opgewek word, sal die Satan vrygelaat word “vir ‘n kort tydjie” (vers 3). Hy het weereens die bose om te lei en die regverdige as sy doelwit. Sonder om tyd te mors, begin hy om die bose in ‘n groot leermag te organiseer. Satan gee die opdrag om teen die stad op te trek. Wanneer die bose hulle plekke inneem rondom die Nuwe Jerusalem (vers 9), kry hulle ‘n kykie op wat dit beteken om verlore te wees – hoe erg dit is om vir ewig verlore te wees.

6. DIE FINALE OORDEELSTONELE

Hier, vir die eerste maal, ontmoet die ganse mensdom saam van aangesig-tot-aangesig. Jesus lei die verlose kinders van God wat binne in die stad is. Satan staan aan die voorpunt van die hordes goddeloses wat buite die mure is. Op hierdie kritieke oomblik, voer God die finale stadium van die oordeel uit en die bese mense ontvang hulle dag in die hof.

“En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit ... en ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen ... en die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is.” – Openbaring 20:11, 12.

Terwyl die goddeloses voor die troon van geregtigheid staan, lê hulle hele lewe oop voor hulle. Uit die boeke wat in die hemel gehou is, ontvou Jesus, die regverdige Regter, formeel die volle verhaal van Sy daad met die gevalle mans, vroue en engele.

Die ganse heelal hou dit dop met intense belangstelling. Jesus staan voor die troon van God en gee aan elkeen ‘n volledige oorsig van Sy verlossingswerk. Hy openbaar dat Hy gekom het om die verlore siele te soek en te red. Hy het ons wêreld binnegekome in menslike gewaad, ‘n sondelose lewe gevoer te midde van stryd en versoekings, die grootste offer aan die kruis gemaak en gedien as ons Hoëpriester in die hemel. Uiteindelik, wanneer Christus bedroef vorentoe tree en die oordeel uitspreek oor diegene wat aanhoudend Sy genade verwerp het, sal elke wese in die heelal die regverdigheid en noodsaaklikheid van hierdie finale handeling in die goddelike oordeel erken.

“Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.” – Romeine 14:10-11.

“Christus Jesus ... het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis . Sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde is, ... en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.” – Filippense 2:5-11.

Vandat sonde begin het, het die Duiwel God se karakter beswadder en Hom daarvan beskuldig dat Hy onregverdig is. Maar nou sal al die vrae beantwoord wees, al die onsekerheid opgelos. Nou sal elke wese in die heelal erken dat Jesus, die Lam van God, waardig is vir ons liefde en aanbidding. Die hele plan en doel van God is nou ten volle openbaar, en God se karakter is regverdig bevind.

Nie net die verlostes nie, maar ook die bese engele en Satan self sal bely dat Satan se weg verkeerd was en dat God se weë regverdig en waar is. Almal sien dat boosheid en selfsug gelei het tot ongelukkigheid en ontevredenheid en dat dit nie werd is om voort te gaan nie.

Wederkoms van Christus

Regverdiges na die Hemel geneem

Bese word vernietig

Regverdiges in die Hemel beoordeel die Bese

Bese dood op hierdie verlate Aarde

**Nuwe Jerusalem keer na die Aarde toe terug met Christus en die Regverdiges
Bese omsingel die Nuwe Jerusalem
Bese word beoordeel en vernietig deur vuur - ‘n Nuwe Aarde word Gemaak**

**Regverdige Dode Opgewek
EERSTE OPSTANDING**

**Satan op ‘n verlate Aarde vasgebind met niemand om te versoek nie
DIE MILLENIUM – 1000 JAAR**

**BOSE DOOIES OPGEWEK
TWEDE OPSTANDING**

7. DIE SONDE GAAN SY FINALE EINDE TEGEMOET

Selfs al erken Satan en die groot skare bose mense dat God se weg reg is, het hulle harte nie verander nie, hulle karakters bly nog steeds boos. En nadat die oordeel uitgespreek is, het die bose:

“Opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp, ... En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.” – Openbaring 20:9-15.

In die finale oordeel sal die vuur van die ewige God sonde, en diegene wat hardkoppig daaraan vasklou, vernietig. Satan en al die verlore mense kom om in hierdie “tweede dood,” ‘n ewige dood waarvan daar geen ontwaking is nie. Hulle pad van rebellie het die bose mense ongeskik gemaak vir ware geluk en hulle is vernietig deur die Duiwel en sy engele. Die hemelse vuur reinig die aarde heeltemal van die verwoesting van die sonde; God het uiteindelik ‘n skoon heelal wat nooit weer deur boosheid geskend sal word nie. Die epiese stryd tussen goed en kwaad, tussen Christus en Satan is finaal oor, en Christus regeer. Die gordyn sak op die eeue-oue drama van sonde en word weer gelig op die heerlikheid van ‘n nuwe wêreld van eindelose moontlikhede.

8. DIE AARDE GEREINIG EN NUTGEMAAK

Uit die as van hierdie finale, reinigende verbranding sal God ‘n nuwe wêreld skep:

“En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. ...Ek ...het die heilige stad, die nuwe Jerusalem sien neerdaal van God uit die hemel ... Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan ... Ek maak alles nuut!” – Openbaring 21:1-5.

Herstel tot sy oorspronklike skoonheid, word die aarde die tuiste van die verlostes vir alle eeue. Bevry van selfsug, siekte, en lyding, het ons ‘n hele heelal om te ontdek, wonderlike verhoudings om te ontwikkel, en ‘n ewigheid waarin ons aan Jesus se voete kan sit om te luister, leer en lief te hê. (Vir ‘n volledige beskrywing van daar nuwe wêreld, mag jy dalk voel om weer Gids 9 te lees.)

Waar beplan jy om in daardie dag te wees? Het jy besluit om saam met Christus aan die binnekant van die stad te wees en vir ewig gered te wees? Of wil jy aan die buitekant van die stad wees sonder Christus en vir ewig verlore?

As jy jou lewe in die hande van Jesus geplaas het, is dit nooit nodig dat jy die onuitspreeklike afgrysligheid van diegene aan die buitekant van die stad te ervaar wanneer hulle besef dat hulle vir ewig verlore is nie. Ten spyte van wat die lewe vir jou gebring het, as jy jou lewe nou in die hande van Jesus plaas, kan jy aan die binnekant van die stad saam met Christus en die verlostes wees. As jy dit nog nie gedoen het nie, gee jou hart nou aan Jesus oor en Hy sal jou omring met Sy liefde en vergifnis. Dit is jou geleentheid. Dit is jou dag van verlossing.